

Pretoria-Oos Voetslaanklub

Waar Mense Omgee



Bank Inligting: ABSA, Menlyn

Takkode:632005

Spaarrekening nommer 9307571484

Webtuiste: <http://www.ptaooosvoetslaan.co.za/>

Jaco: 082 812 3234 of Lizelle 083 276 1500

Volg ons op Facebook 

✉ : ptaooosvoetslaan1@gmail.com

25-01-2019

Inligting oor die Pretoria-Oos Voetslaanklub

Die Pretoria-Oos Voetslaanklub is 'n christelike stapklub wat reeds sedert 1984 bestaan, en nie aan 'n spesifieke kerk of denominasie verbind is nie. Die klub reël gedurende die jaar staptoere, met bestemmings regoor die land en selfs in Namibië.

Die duur en aard van die staptoere wissel, vanaf Dagstappe oor naweke (sirkelroetes) tot sesdag rugsakstappe waar daar in hutte of selfs tente op die roete oornag word. Op alle staproetes is die fasiliteite wat by oornaghtutte voorsien word maar basies en soms redelik primitief (Daar is uitsorderings wat meer luuks is).

Die wonderlike natuurskoon en die kameraderie onder die stappers vergoed egter ruimskoots vir enige ongerief wat ten opsigte van die akkommodasie ervaar mag word. Daarbenewens is die gesamentlike stiltetye, soggens en saans, en die “praise & worship” 'n besondere ervaring.

Die klub bestaan uit getroude pare, en heelwat enkellopendes. Die ouderdomme wissel van jonk tot ‘oud’. Selfs voorskoolse kinders, onder toesig van hulle ouers, maak van die staptoere mee. Veral enkellopendes vind die beskermende tuiste wat die klub aan hulle bied 'n groot pluspunt wat hulle in staat stel om hulself in 'n vriendelike en veilige milieu uit te leef.

Hierdie is 'n stapklub wat nie *terloops* ook vir Jesus as *aanhangsel* plek gee nie. Hy is die rede waarom die klub bestaan en staan dus sentraal in die klub se aktiwiteite en in die lede se lewens.

Die klub skep deur sy aktiwiteite en interaksie tussen die lede die geleentheid vir mense wat deur die lewe gewond is om weer heel te word. Dis egter nie die klub wat dit doen nie, dit is Jesus. In die proses, wat met verloop van tyd plaasvind, het ons egter ook baie pret en plesier. Klublede smee onderling nuwe vriendskappe en daar kan met reg gesê word dat stappers mekaar mettertyd as *familie* ervaar, want dit is wat ons eintlik is.

Staptoere word nie as oorlewings- of uithouwedrenne beskou nie; eerder as geleentheid vir sosiale interaksie in die natuur. Dit is wel so dat sekere persone, byvoorbeeld die jongeres, vinniger stap en ander stadiger, maar almal stap in groepies en niemand stap alleen nie. Daar word op elke stap persone aangewys om toe te sien dat niemand agterraak of wegraak nie.

Benewens staptoere word daar gedurende die jaar ook sowat twee tot drie kampnaweke (in plaas van stappe), uitstappies na interessante bestemmings en ander informele gesellige funksies vir die lede van die klub gereël. Waar die geleentheid tydens kampnaweke bestaan om te gaan stap, mag lede dit gerus op 'n geordende wyse doen.

Komitee

Jaco van der Merwe (Voorsitter), Lizelle Strydom (Onder Voorsitter), Leyda van Dijk (Lid), Denise Carelse (Lid)

Pretoria-Oos Voetslaanklub

Waar Mense Omgee

Die klub is 'n nie-winsgewende organisasie wat met *klublidmaatskapsgelde* bedryf word. Klublede betaal hierbenewens roetegeld en vervoerkoste vir elke staptoer waarop hulle gaan, asook kamp- en toegangsgelde waar toepaslik. Die stap- en kampprogram, asook die datums waarop besprekings open, word aan die begin van elke jaar aan lede beskikbaar gestel. Die lede wat, nadat die besprekings geopen het, eerste vir 'n stap bespreek en hul gelde betaal, kry plek op die stap. Vir kampbesprekings is daar gewoonlik nie so 'n streng getallebeperking nie, alhoewel besprekings ook vooraf gedoen moet word en 'n deposito vooruit betaalbaar is.

Weergebore christene van 16 jaar en ouer kan om lidmaatskap, wat jaarliks hernieu moet word, aansoek doen mits hulle bereid is om die klub se *gedragskode* en *konstitusie* te aanvaar.

Belangstellendes wat om lidmaatskap aansoek wil doen moet eers 'n klub aktiwiteit bywoon, en 'n kommitee lid ontmoet, waarna 'n aansoekvorm voltooi moet word. Die aansoek word dan vir oorweging aan die bestuurskomitee van die klub voorgelê.

Let asseblief daarop dat die toekenning van lidmaatskap aan sekere voorwaardes onderhewig is.

Kontakpersone:

Jaco van der Merwe (Voorsitter): sel: 082 812 3234; e-pos: ptaosvoetslaan1@gmail.com

Lizelle Strydom (Onder voorsitter): sel 0832761500; e-pos: ptaosvoetslaan1@gmail.com

Leyda van Dijk (sekretaresse): e-pos: ptaosvoetslaan1@gmail.com

Inligting is ook op die webblad beskikbaar by <http://www.ptaosvoetslaan.co.za>

Kyk ook Pretoria-Oos Voetslaanklub se Facebook blad.